# Buitengewone Aanstellings en vir die Aanstelling van Ereprofessore en Navorsingsgenote: Reglement



Implementeringsdatum: Julie 2017

forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

www.su.ac.za/policies | www.su.ac.za/beleide

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# Reglement vir Buitengewone Aanstellings en vir die Aanstelling van Ereprofessore en Navorsingsgenote

| | |
|---|---|
| Verwysingsnommer van hierdie dokument | AP0042 |
| HEMIS-klassifikasie | |
| Doel | Lê riglyne neer vir die aanstelling van buitengewone lektore, senior lektore, medeprofessore en professore, asook die aanstelling van ereprofessore en navorsingsgenote. |
| Tipe dokument | Reglement |
| Toeganklikheid | Algemeen (ekstern en intern) |
| Implementeringsdatum | Julie 2017 |
| Hersieningsdatum/-frekwensie | Na gelang van noodsaaklike aanpassings |
| Vorige hersienings | Julie 2017 |
| Eienaar van hierdie beleid | Rektor en Visekanselier |
| Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie beleid | Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne |
| Goedkeuringsdatum | Julie 2017 |
| Goedgekeur deur | US Raad |
| Sleutelwoorde | buitengewone aanstellings, gespesialiseerde kundigheid, statuur, gesaghebbendes, formele affiliasie |

## Die kern van die reglement

Stel prosedures in en stel inligting beskikbaar oor die aanstelling van buitengewone lektore, senior lektore, medeprofessore en professore, asook die aanstelling van ereprofessore en navorsingsgenote.

## 1. Inleiding

Die Universiteit Stellenbosch (US) kan persone met bewese gespesialiseerde kundigheid of met aansienlike professionele en vakkundige statuur wat óf deurlopend óf vir voorafooreengekome tydperke diens aan die Universiteit lewer in hulle persoonlike hoedanigheid aanstel as buitengewone professore, buitengewone medeprofessore, buitengewone senior lektore of buitengewone lektore. Sodoende ontvang hulle erkenning en word hulle by die akademiese programme van US-departemente en -fakulteite betrek.

Die Universiteit kan persone met werklike senioriteit wat erkende gesaghebbendes is en wat op grond van hulle bewese akademiese statuur of vakkundigheid op ŉ spesifieke beroepsterrein ŉ akademiese bydrae in bepaalde studievelde kan lewer, as ereprofessore aanstel om hulle te vereer en ŉ band tussen hulle en die US te smee.

Navorsingsgenote is persone met bewese spesialisvakkundigheid wat op uitnodiging van ŉ organisatoriese eenheid (OE) by die betrokke OE inskakel.

## 2. Toepassing van die reglement

Hierdie reglement is by verstek van toepassing by die aanstelling van alle buitengewone lektore, senior lektore, medeprofessore en professore, asook by die aanstelling van ereprofessore en navorsingsgenote.

## 3. Doel van die reglement

Lê voorskrifte neer vir eenvormige prosedures by die aanstelling van buitengewone lektore, senior lektore, medeprofessore en professore, asook by die aanstelling van ereprofessore en navorsingsgenote.

## 4. Mikpunte van die reglement

Duidelike riglyne vir aanstellings in bogenoemde posisies

## 5. Bepalings van die reglement

Soos in hierdie dokument uiteengesit

## 6. Konflikbeslegting

Via die Afdeling Menslike Hulpbronne (MHB)

## 7. Beheer oor die reglement

7.1 Rolle

Die Rektor en Visekanselier is die eienaar van hierdie reglement en moet sorg dat dit opgestel, bygewerk en deurgevoer word en dat ’n kurator en verbandhoudende strukture en rolle aangewys is en doeltreffend funksioneer.

7.2 Implementering

Die Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne is die kurator van hierdie reglement en moet sorg dat dit geformuleer, goedgekeur, hersien, gekommunikeer en beskikbaar gestel word. Die kurator is ook verantwoordelik vir die interpretasie en die deurvoering van die reglement en moet periodiek, soos nodig, ’n taakspan byeenroep om die reglement te hersien.

7.3 Monitering en verslagdoening

Die eienaar van hierdie reglement is daarvoor aanspreeklik en die kurator is daarvoor verantwoordelik om die nodige kontroles daar te stel om die reglement te moniteer en verslag daaroor te doen.

7.4 Openbaarmaking

Via die MHB-tuisblad

7.5 Hersiening

Die reglement sal ad hoc vir noodsaaklike aanpassings hersien word indien operasionele omstandighede dit noodsaak.

7.6 Nienakoming

Normale lynbestuurspraktyke sal geld.

## 8. Die aanstelling van buitengewone professore, medeprofessore, senior lektore en lektore

8.1 Doel

Die Universiteit kan persone met bewese spesialiskundigheid of met aansienlike professionele en vakkundige statuur wat óf deurlopend óf vir voorafooreengekome tydperke diens aan die Universiteit lewer, en wat nóg op die US se diensvoorwaardes en betaalstaat aangestel is nóg formeel as gesamentlike personeel op die diensstaat van ’n vennootwerkgewer verskyn, in hulle persoonlike hoedanigheid as buitengewone professore, buitengewone medeprofessore, buitengewone senior lektore of buitengewone lektore aanstel. Sodoende ontvang hulle erkenning en word hulle by die akademiese programme van US-departemente en -fakulteite betrek. Afgetrede US-personeel word normaalweg nie in buitengewone posisies aangestel nie.

8.2 Aanstellingstermyn

Aanstelling is vir minstens een jaar en hoogstens drie jaar.

8.3 Aanstellingsprosedure

Alle buitengewone aanstellings word via subkomitees hanteer na aanleiding van gemotiveerde voorleggings soos deur die betrokke dekane aanbeveel. Dieselfde kriteria geld as by onderskeidelik professore, medeprofessore, senior lektore en lektore wat op die Universiteit se diensvoorwaardes aangestel is. Die akademiese insette wat die persoon lewer moet ook in ag geneem word.

Die Rektor moet alle aanbevelings betreffende buitengewone aanstellings en heraanstellings oorweeg ingevolge die afhandelingsbevoegdheid soos deur die Aanstellingskomitee van die Senaat – die ASK(S) – aan hom of haar verleen.

Vir heraanstellings as buitengewone professor, medeprofessor, senior lektor of lektor moet die departementele voorsitter of hoof ŉ gemotiveerde voorlegging ooreenkomstig die betrokke dekaan se aanbeveling direk voor die Rektor (nie via ŉ subkomitee nie) doen.

8.4 Titel

Die titel 'buitengewone professor', 'buitengewone medeprofessor', 'buitengewone senior lektor' of 'buitengewone lektor' verval na afloop van die aanstellingstydperk.

8.5 Lidmaatskap van die fakulteitsraad

Die betrokke fakulteitsraad kan 'n buitengewone professor, medeprofessor, senior lektor of lektor as lid van die fakulteitsraad aanwys, met of sonder stemreg volgens die betrokke raad se diskresie.

8.6 Lidmaatskap van die Senaat

Buitengewone professore en medeprofessore het nie sitting in die US Senaat nie.

8.7 Vergoeding en voordele

Buitengewone aanstellings ontvang normaalweg geen vergoeding nie, maar dit staan die betrokke fakulteit vry om ŉ honorarium vir die posbekleërs te oorweeg.

Indien buitengewone professore of medeprofessore as promotors, studieleiers of eksaminatore vir doktors- of magisterstudie aangestel word, moet hulle die normale vergoeding ontvang wat betaalbaar is aan persone van buite die Universiteit wat in enige van hierdie hoedanighede optree.

8.8 Professorale intreeredes

Daar word normaalweg nie van buitengewone professore verwag om ŉ professorale intreerede te lewer nie.

# 9. Die aanstelling van ereprofessore

9.1 Doel

Die Universiteit kan persone met werklike senioriteit wat erkende gesaghebbendes is en wat op grond van hulle bewese akademiese statuur of vakkundigheid op ŉ spesifieke beroepsterrein ŉ akademiese bydrae in bepaalde studievelde kan lewer,

as ereprofessore aanstel. Sodoende word hulle vereer en word ŉ band tussen hulle en die US gesmee.

9.2 Opdrag

Ereprofessore hanteer normaalweg nie ŉ deel van ŉ akademiese program nie, maar lewer ŉ akademiese bydrae soos met die departementele voorsitter of dekaan ooreengekom.

9.3 Aanstellingstermyn

Ereprofessore word in hulle persoonlike hoedanigheid, op ŉ deeltydse basis vir ŉ vasgestelde termyn aangestel.

9.4 Aanstellingsprosedure

Alle ere-aanstellings word via subkomitees hanteer op grond van gemotiveerde voorleggings soos deur die betrokke dekane aanbeveel. Die besondere vakkundigheid en akademiese statuur van die persone wat vir hierdie poste aanbeveel word, moet in ag geneem word.

Die Rektor moet alle aanbevelings betreffende aanstellings en heraanstellings van hierdie aard oorweeg ingevolge die afhandelingsbevoegdheid soos deur die ASK(S) aan hom of haar verleen.

Vir heraanstellings as ereprofessor moet die departementele voorsitter of hoof ŉ gemotiveerde voorlegging ooreenkomstig die betrokke dekaan se aanbeveling direk voor die Rektor (nie via ŉ subkomitee nie) doen.

9.5 Professorale intreerede

Daar word normaalweg nie van ereprofessore verwag om ŉ professorale intreerede te lewer nie.

9.6 Titel

Die titel 'ereprofessor' verval na afloop van die aanstellingstydperk.

9.7 Lidmaatskap van die fakulteitsraad en Senaat

Ereprofessore is nie lid van die betrokke fakulteitsraad nie en het ook nie sitting in die US Senaat nie.

9.8 Vergoeding en voordele

Ere-aanstellings ontvang normaalweg geen vergoeding nie, maar dit staan die betrokke fakulteit vry om ŉ honorarium vir die posbekleërs te oorweeg.

## 10. Die aanstelling van navorsingsgenote

10.1 Strategiese uitgangspunte rakende navorsingsgenote

Die US beskou navorsingsgenote as ŉ strategiese aanwins wat die posisie van ŉ organisatoriese eenheid[1] (OE) op ŉ sekere navorsingsgebied versterk en uitbrei. Sodanige genote is persone met akademiese aansien wat deur die aanstelling as

[1] 'Organisatoriese eenheid' verwys na 'n akademiese departement of steundiensteafdeling.

navorsingsgenoot ŉ formele affiliasie met die betrokke OE en die US betree en wat toegang tot geselekteerde Universiteitsfasiliteite het. Hierdie soort aanstellings is nie bedoel vir persone wat die US vir ŉ kort tydperk of eenmalig besoek nie, maar vir gevalle waar ŉ werklike navorsingsvennootskap met die oog op die lang termyn gesmee word. Die instelling van departementele navorsingsgenote staan in diens van die visie, missie en doelwitte van elke OE. Die OE moet die instelling van ŉ navorsingsgenootskap dus sien as ŉ strategiese instrument om hulle visie, missie en doelwitte te verwesenlik.

10.2 Benoeming en aanstelling van navorsingsgenote

Navorsingsgenote is persone met bewese gespesialiseerde vakkundigheid wat op uitnodiging van ŉ organisatoriese eenheid (OE) by die betrokke OE inskakel.

10.2.1 Nominasies van persone wat nóg op die US se diensvoorwaardes en betaalstaat aangestel is nóg formeel as gesamentlike personeel op die diensstaat van ŉ vennootwerkgewer verskyn, moet behoorlik gemotiveer wees en deur ŉ verteenwoordigende vergadering van die OE beoordeel word.

10.2.2 Indien bogenoemde verteenwoordigende liggaam ’n nominasie goedkeur en die betrokke dekaan dit aanbeveel, sal die Viserektor (Navorsing en Innovasie) – die VR(N&I) – die aanbeveling oorweeg. Die OE kan die genomineerde dan uitnooi om as navorsingsgenoot by die OE in te skakel, en moet volledige dokumentasie oor die genoot vir rekordhouding aan die Afdeling Navorsingsontwikkeling besorg.

10.2.3 Indien die VR(N&I) ’n bepaalde benoeming goedgekeur het, moet hy of sy die MHB versoek om die navorsingsgenoot se affiliasie met die US by wyse van ŉ amptelike aanstellingsbrief te bevestig.

10.2.4 Sodanige aanstelling moet ook aan die ASK(S) meegedeel word.

10.2.5 Die aanstelling geskied in persoonlike hoedanigheid op ŉ deeltydse basis vir minstens een jaar en hoogstens drie jaar, met dien verstande dat die navorsingsgenoot gedurende die termyn normaalweg minstens twee maande altesaam fisiek by die OE betrokke moet wees.

10.2.6 Beide die navorsingsgenoot en die OE het die reg om die vennootskap te beëindig indien billike regverdiging daarvoor bestaan.

10.2.7 Voortsetting van die aanstelling aan die einde van die termyn moet deur die VR(N&I) oorweeg en aan die ASK(S) meegedeel word.

## 11. Die doel van navorsingsgenootskappe

Die OE moet persone wat aldus behoorlik genomineer en goedgekeur is, soos hierbo uiteengesit, uitnooi om in die hoedanigheid van ŉ navorsingsgenoot by die OE in te skakel met die doel om:

11.1 die gehalte van en die hoeveelheid basiese en toegepaste (praktykgerigte) navorsingsuitsette van die OE (in die vorm van publikasies in geakkrediteerde vaktydskrifte, referate by nasionale en internasionale vakkongresse, magistertesisse en doktorale proefskrifte) te bevorder en te verhoog;

11.2 ʼn navorsingskultuur en -netwerke in die OE te help vestig en uit te bou;

11.3 belangstellendes vanuit die gemeenskap met geskikte ervaring en opleiding die geleentheid te bied om deur middel van navorsing ʼn bydrae tot die spesifieke vakgebied te maak; en

11.4 die OE se studieleidingskapasiteit uit te bou.

## 12. Die werksterrein van ʼn navorsingsgenoot

Die werksterrein van ʼn navorsingsgenoot kan soos volg omskryf word:

12.1 Verrig gehaltenavorsing binne bepaalde afdelings van die vakgebied.

12.2 Werk, ten opsigte van 12.1, individueel óf as medenavorser of mede-outeur saam met ander personeel of navorsingsgenote.

12.3 Tree, wanneer so versoek en ooreengekom, as studieleier of medestudieleier van nagraadse studente op.

12.4 Wees beskikbaar as klankbord, veral oor praktykgerigte aspekte en vir nagraadse studente.

12.5 Bepaal, in oorleg met die departementele voorsitter of OE-hoof, die navorsingsgenoot se eie uitsetdoelwitte en die omvang van sy of haar betrokkenheid by die OE, onderhewig aan die minimum vereistes soos in 10.2 vervat.

## 13. Algemene bepalings oor navorsingsgenootskappe

Die volgende algemene bepalings en riglyne reguleer die verhouding tussen ʼn OE en ʼn navorsingsgenoot:

13.1 Die OE aanvaar die volgende verantwoordelikhede:

13.1.1 Voorsien die betrokke navorsingsgenoot van die nodige infrastruktuur ter ondersteuning van die verrigting van sy of haar funksies soos ooreengekom, met inagneming van die termyn en soos onderhandel met die betrokke gasheer.

13.1.2 Wys ʼn geskikte personeellid as gasheer vir elke navorsingsgenoot aan. Wie as gasheer uitgekies word, sal van die betrokke navorsingsgenoot se navorsingbelangstellingsveld(e) afhang. ʼn Gasheer se rol sluit die volgende in:

a. Verleen hulp en advies oor die OE se navorsingspraktyke en -vereistes.

b. Help om die navorsingsgenoot se navorsingswerk binne die OE te koördineer.

c. Help met administratiewe knelpunte.

d. Help met inskakeling by die OE se personeel en kultuur.

e. Reël dat die navorsingsgenoot toepaslike akademiese besprekingsgeleenthede kan bywoon.

13.1.3 Navorsingsgenote ontvang normaalweg geen vergoeding of byvoordele nie, maar dit staan die betrokke omgewing vry om ŉ honorarium vir genote te oorweeg soos met die betrokke gasheer en OE-hoof onderhandel.

13.1.4 Indien navorsingsgenote as promotors, studieleiers of eksaminatore vir doktors- of magisterstudente aangestel word, moet hulle die normale vergoeding ontvang wat in sodanige hoedanighede aan persone van buite die Universiteit betaalbaar is.

13.2 Navorsingsgenote aanvaar die volgende verantwoordelikhede:

13.2.1 Handhaaf sodanige teenwoordigheid in die OE dat die volgende uitkomste gelewer word:

a. ŉ duidelik omskrewe navorsingsprojek word in die OE onderneem, met uitsette wat onder die naam van die US gepubliseer sal word;

b. nagraadse studente kry redelike geleentheid vir kontak met die navorsingsgenoot om hom of haar as klankbord of bron van hulp te gebruik;

c. nagraadse studente vir wie die navorsingsgenoot as studieleier of medestudieleier optree, kry redelike geleentheid om dit met die genoot te bespreek; en

d. daar word redelike geleentheid vir interaksie met die OE-personeel.

13.2.2 Verseker dat sy of haar navorsing met die ander navorsingsaktiwiteite binne die OE gekoördineer is. Die aangewese gasheer moet hiermee help.

13.2.3 Indien navorsingsfondse vir ŉ voorgenome navorsingsprojek benodig word, moet die genoot self vir borgskappe reël of aansoek by navorsingsfinansieringsinstansies doen, of albei doen (t.o.v. finansieringsinstansies kan die gasheer om hulp genader word). Kontraktuele bepalings wat aan navorsingsfondse gekoppel is, moet vir die beëindiging van die genootskap voorsien op ŉ wyse wat vir die OE aanvaarbaar is.

13.2.4 Publiseer die resultate van sy of haar navorsing in geakkrediteerde vaktydskrifte en spreek vakkundige kongresse daaroor toe.

13.3 Binne die raamwerk van bogenoemde riglyne het die navorsingsgenoot volle vryheid wat navorsingsinisiatiewe en -prosesse betref, mits dit aan die OE se vereistes vir navorsingstandaarde en die bepalings van die US *Jaarboek* voldoen. Vir hierdie doel moet genote hulle gasheer raadpleeg wanneer nodig.

13.4 Die voorsitter van die departement of die OE-hoof het die reg om publikasie of eksterne aanbieding van resultate na die navorsingsgenoot terug te verwys.

## 14. Publikasies van navorsingsgenote in affiliasie met die US

Een van die verpligtings van ŉ navorsingsgenoot is om by te dra tot die navorsingsuitsette van die OE waarmee hy of sy geaffilieer is. Die volgende reëls geld indien die betrokke OE publikasies deur die navorsingsgenoot in verslae wil opneem en vir subsidie by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding wil voorlê:

14.1 Die affiliasie van die navorsingsgenoot met die US móét in die publikasie vermeld word, selfs al geskied dit bloot in die vorm van ŉ sekondêre adres of voetnota.

14.2 Die navorsingsgenoot se affiliasie met die US moet deur ŉ amptelike aanstellingsbrief van MHB bevestig word.

14.3 Navorsingsgenote het nie vanselfsprekend aanspraak op SOS-fondse nie. Afsonderlike reëlings, wat deur die betrokke departementele voorsitter of OE-hoof toegepas word, geld hier.

14.4 Indien ŉ navorsingsgenoot wel toegang tot SOS-fondse het, moet dit steeds aangewend word ooreenkomstig die gewone reëls en reglemente wat tersaaklik is.

## 15. Wat ŉ aanstelling as navorsingsgenoot aan die US behels

15.1 ŉ US-nommer en -kaart moet aan die navorsingsgenoot uitgereik word as ŉ tydelike (d.w.s. vir die duur van die genootskap) buitegebruiker. Dit sluit onder meer die vermoë in om die kaart te laai vir die maak van fotokopieë en om toegang tot die biblioteek te verkry.

15.2 Navorsingsgenote kan biblioteekboeke op dieselfde voorwaardes as doktorale studente uitneem.

15.3 Navorsingsgenote kan, met goedkeuring van en na onderhandeling met die betrokke departementele voorsitter of OE-hoof, toegang kry tot publikasiesubsidie wat verdien is met artikels wat die navorsingsgenoot in die vakgebied onder die adres van die Universiteit in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer het. Met hierdie fondse kan verdere navorsing onderneem word. Navorsingsgenote het egter nie vanselfsprekend aanspraak op sodanige fondse nie. Die akademiese departement of OE sou ook ten aanvang van die genootskap bepaalde ondersteuning vir navorsing kon toewys.

15.4 Die navorsingsgenoot kan in samewerking met kollegas in die vakgebied in aanmerking kom vir aansoek om buitebefondsing met die oog op navorsing by instansies wat nie vereis dat die aansoeker in die US se diens moet wees nie.

## 16. Ondersteunende dokumente

| **Itemnr.** | **Naam van dokument** | **Status** *(bv. uitgewys, in die proses of goedgekeur)* |
|---|---|---|
| | Geen | |

## 17. Verbandhoudende dokumente

| **Itemnr.** | **Naam van dokument** | **Status**<br>*(bv. uitgewys, in die proses of goedgekeur)* |
| --- | --- | --- |
| | Geen | |

## OPSOMMING VAN DIE VERSKILLENDE SOORTE AANSTELLINGS

| | BUITENGEWONE AANSTELLINGS | ERE-PROFESSORATE | NAVORSINGS-GENOOTSKAPPE |
|---|---|---|---|
| **DOEL** | Stel persone met bewese spesialis-kundigheid of aansienlike professionele en vakkundige statuur, wat nóg op die US se diensvoor-waardes of betaal-staat aangestel is nóg formeel as gesamentlike personeel op die diensstaat van ’n vennootwerkgewer verskyn, in hulle persoonlike hoe-danigheid aan om aan hulle erkenning te gee en hulle by die akademiese programme van US-departemente en -fakulteite te betrek. | Stel persone met werklike senioriteit wat erkende gesag-hebbendes is en wat op grond van hulle bewese akademiese statuur of vakkundig-heid op ’n spesifieke beroepsterrein ’n akademiese bydrae in bepaalde studie-velde kan lewer as ereprofessore aan om hulle te vereer en ’n verbintenis tussen hulle en die Universi-teit te smee. | a) Bevorder en ver-hoog die gehalte van en die hoe-veelheid basiese en toegepaste (praktykgerigte) navorsingsuitsette.<br>b) Help om ’n navor-singskultuur en -netwerke in die betrokke OE te vestig en uit te bou.<br>c) Dra deur middel van navorsing tot die spesifieke vakgebied by.<br>d) Bou die OE se studieleidings-kapasiteit uit. |
| **TERMYN** | Minstens een jaar en hoogstens drie jaar, met moontlike heraanstelling vir verdere termyne | Minstens een jaar en hoogstens drie jaar, met moontlike heraanstelling vir verdere termyne | Minstens een jaar en hoogstens drie jaar, met moontlike heraanstelling vir verdere termyne |

| | BUITENGEWONE AANSTELLINGS | ERE-PROFESSORATE | NAVORSINGS-GENOOTSKAPPE |
|---|---|---|---|
| **AANSTELLINGS-PROSEDURE** | Alle buitengewone aanstellings word via subkomitees hanteer na aanleiding van gemotiveerde voorleggings soos deur die betrokke dekane aanbeveel. Dieselfde kriteria geld as by onderskeidelik professore, medeprofessore, senior lektore en lektore wat op die US se diensvoor-waardes aangestel is. Die akademiese insette wat die persoon lewer, moet ook in ag geneem word.<br><br>Die Rektor moet alle aanbevelings oor buitengewone aanstellings en heraanstellings oorweeg ooreenkomstig die afhandelingsbevoegdheid soos deur die ASK(S) aan hom of haar verleen. | Alle ere-aanstellings word via subkomitees hanteer na aanleiding van gemotiveerde voorleggings soos deur die betrokke dekane aanbeveel, met inagneming van die besondere vakkundigheid en akademiese statuur van die persone wat vir hierdie posisies aanbeveel word.<br><br>Die Rektor moet alle aanbevelings rakende aanstellings en heraanstellings van hierdie aard oorweeg ooreenkomstig die afhandelingsbevoegdheid soos deur die ASK(S) aan hom of haar verleen. | Nominasies moet behoorlik gemotiveer wees en deur ŉ verteenwoordigende vergadering van die OE beoordeel word.<br><br>Die VR(N&I) moet aanstellings en heraanstellings van navorsingsgenote ooreenkomstig die dekaan se aanbeveling oorweeg. |
| **LIDMAATSKAP VAN DIE FAKULTEITS-RAAD** | Die betrokke fakulteitsraad kan ŉ persoon in ŉ buitengewone pos as lid van die fakulteitsraad aanwys, met of sonder stemreg volgens die betrokke raad se diskresie. | Nee | Nee |
| | **BUITENGEWONE** | **ERE-** | **NAVORSINGS-** |

| | AANSTELLINGS | PROFESSORATE | GENOOTSKAPPE |
|---|---|---|---|
| **LIDMAATSKAP VAN DIE SENAAT** | Nee | Nee | Nee |
| **VERGOEDING EN VOORDELE** | Normaalweg ontvang buitengewone aanstellings geen vergoeding nie, maar dit staan die betrokke fakulteit vry om ŉ honorarium vir die posbekleërs te oorweeg.<br>Indien buitengewone professore of medeprofessore as promotors, studieleiers of eksaminatore vir doktors- of magisterstudente aangestel word, moet hulle die normale vergoeding ontvang wat aan persone van buite die Universiteit in enige van hierdie hoedanighede betaalbaar is. | Normaalweg ontvang ere-aanstellings geen vergoeding nie, maar dit staan die betrokke fakulteit vry om ŉ honorarium vir die posbekleër te oorweeg. | Normaalweg ontvang so ŉ aanstelling geen vergoeding nie, maar dit staan die betrokke OE vry om ŉ honorarium te oorweeg soos met die betrokke gasheer en departementele voorsitter of OE-hoof onderhandel.<br>Indien navorsingsgenote as promotors, studieleiers of eksaminatore vir doktors- of magisterstudente aangestel word, moet hulle die normale vergoeding ontvang wat aan persone van buite die Universiteit in enige van hierdie hoedanighede betaalbaar is. |